



Vak: Graad 10 Afrikaans: EAT

Onderwerp: Afrikaans EAT: Kwartaal 1 - Mini-Eksamen

Totaal: 76 Punte

1. C: in 'n groot stad

4 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 10:

"Koski meen die moderne stedelike leefstyl dra by tot die probleem. "**Hoe groter die stad, hoe meer is mense alleen,**" het sy bygevoeg".

2. Universiteit van Tegnologie | "Universiteit van Tegnologie" | "Universiteit van Tegnologie". |
Universiteit van Tegnologie,

3 punte

Verduideliking:

Paragraaf 2:

"Al is Luleå 'n kleinerige dorp, beskik dit oor 'n **Universiteit van Tegnologie** ("Technology")."

3. waar

2 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 9:

"In 'n streek waar **winter slegs drie ure sonskyn per dag beteken** en die gemiddelde temperatuur in Desember gewoonlik -10 °C is, is daar al minder geleenthede vir inwoners om daaglik in mekaar vas te loop."

Drie ure sonskyn per dag is **baie min** ("very little"). Dit beteken dat mense **baie ure per dag binne** deurbring. In Suid-Afrika skyn die son gemiddeld ("average") tussen 9 en 10 ure per dag in die winter.

4. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 1 dat **Luleå** 'n dorp in **Swede** ("Sweden") is.

5. busse en geboue | vier weke

4 punte

Verduideliking:

Paragraaf 5:

"Asa Koski, 'n sosiale strateeg by die munisipaliteit wat die veldtog bestuur, het gesê die boodskap word sedert 31 Oktober 2023 op **busse en geboue** in die stad gedeel. Die veldtog sal **vier weke** lank voortduur."



6. "in mekaar vas te loop." | "in mekaar vas te loop" | in mekaar vas te loop. | in mekaar vas te loop 3 punte

Verduideliking:

Paragraaf 9:

"In 'n streek waar winter slegs drie ure sonskyn per dag beteken en die gemiddelde temperatuur in Desember gewoonlik -10 °C is, is daar al minder geleenthede vir inwoners om daagliks **in mekaar vas te loop**."

Die uitdrukking ("expression"), "**om in mekaar vas te loop**", beteken om iemand **toevallig** ("by chance") **te sien**, of straat of in 'n winkel. Die ontmoeting was **nie beplan nie** ("not planned").

7. onwaar 2 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 2:

"Al is Luleå 'n kleinerige dorp, beskik dit oor 'n Universiteit van Tegnologie. Die noorderligte kan ook van die dorp af gesien word."

Toeriste ("tourists") sal beslis die dorp besoek as die **noorderligte** ("northern lights") vandaar gesien kan word.

Studente en lektore sal die inwonertal ("total population") van die dorp verhoog ("increase"), maar die **universiteit** sal ook **toeriste lok** wat na die **fasiliteite** ("facilities") kom kyk, daar wil **studeer**, daar tydelik kom **klasgee** ("teach") of **konferensies** ("conferences") bywoon.

8. "gesondheid, veiligheid en welstand" | gesondheid, veiligheid en welstand | "gesondheid, veiligheid, welstand" | gesondheid, veiligheid, welstand | "gesondheid, veiligheid en welstand." | gesondheid, veiligheid en welstand. | gesondheid veiligheid welstand | "gesondheid veiligheid welstand" 3 punte

Verduideliking:

Paragraaf 4:

"Om hallo te sê vir jou bure is iets klein, maar navorsing wys dit kan 'n bydrae lewer tot vriendskapsbande en het 'n positiewe impak op **gesondheid, veiligheid en welstand**," lui die boodskap op die video."

9. waar 2 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 8:

"Plaaslike skole ("local schools") **beplan** ook om die **video** te vertoon ..."

10. Asa Koski | "Asa Koski" | "Asa Koski". | Asa Koski. 3 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 5 dat **Asa Koski** die veldtog ("campaign") bestuur. Sy werk as 'n **sosiale strateeg** ("social strategist") by die dorp se **munisipaliteit**.



11. D: tieners en jong volwassenes

4 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 8 dat " ... mense, veral diegene ("those") tussen **16 en 29 jaar oud**, al hoe meer eensaam ("lonely") voel."

Mense van die **ouderdomsgroepe** tussen **16 en 29 jaar oud**, sluit **tieners** ("teenagers") en **jong volwassenes** ("young adults") in.

12. B: Verkies alleen-aktiwiteite.

4 punte

Verduideliking:

'n Intorvert is iemand wat hou van **alleen-aktiwiteite** ("doing activities alone"), soos lees, skryf, skilder, stap of tuinmaak. Enige iets wat die persoon **alleen** kan doen. Die persoon is nie **bang** ("not scared") vir ander mense of **skaam** ("shy") om met ander mense te kommunikeer nie, maar verkies ("choose") net om dit wat hulle doen, **alleen te doen**.

13. Spanje | buitelewe

4 punte

Verduideliking:

Paragraaf 7:

"Sy sê dit is anders as byvoorbeeld in **Spanje** ("Spain"), waar mense gereeld buite is, met mekaar praat ("talk to each other"), op bankies sit en 'n kollektiewe **buitelewe** ("outdoor life") lei".

14. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Mense en **diere** het **manlike** en **vroulike** geslagvorme ("gender").

Die **vroulike vorm** van **sakeman** is **sakevrou**.

15. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Die idioom, met sy duime staan en speel, beteken dat hy **baie verveeld** is.

Alfred Nobel was **beslis nie baie verveeld nie**, want hy was 'n **chemikus** ("chemist"), **ingenieur**, **uitvinder** ("inventor"), **suksesvolle sakeman** en **filantroop**. Hy kon **verskeie tale** ("several languages") praat en het **gedigte** en **dramas** geskryf.

16. C: veralgemenings.

4 punte

Verduideliking:

Iemand wat 'n **veralgemening** ("generalization") gebruik, weet byvoorbeeld van **spesifieke gevalle** waar 'n **persoon** wat **ongetroud** gebly het, **baie ryk** geword het. Die persoon gebruik hierdie **spesifieke kennis** en **veralgemeen** dit deur te **dink** dat **alle mense** wat **nie trou nie**, **baie ryk** sal word.



17. A: iemand wat graag mense help.

4 punte

Verduideliking:

'n **Filantroop** ("philanthropist") is iemand wat:

- **Goedhartig** ("kind") is
- Graag **ander** mense **help** ("likes to assist others")
- Graag **liefdadigheid** ("charity") aan ander betoon

18. vier | "vier" | vier. | "vier".

3 punte

Verduideliking:

Homofone ("homophones") is woorde wat **dieselfde klink** ("sounds the same"), maar **verskillend gespel** word ("spelled differently") en **verskillende betekenisse** ("different meanings") het, byvoorbeeld:

- Vier - Die **getal**. Twee plus twee is gelyk aan **vier**. Ons kan ook 'n **fees vier**.
- Fier - Iemand wat 'n **trotse** houding het. Hy stap **fier** en regop deur die skoolsaal.

19. B: homonieme

4 punte

Verduideliking:

Homonieme ("homonyms") is woorde wat dieselfde klink en gespel word, maar **heeltemal verskillende betekenisse** ("different meanings") het, byvoorbeeld:

Geraak

- Alfred Nobel het bekend **geraak** ("became well known") vir sy uitvindings. **Geraak** is 'n **werkwoord** ("verb") en het 'n **abstrakte betekenis** ("abstract meaning"). Jy kan **nie daaraan vat nie**.
- Ek het aan my kop **geraak** ("touched"). **Geraak** is 'n **werkwoord** in hierdie sin, maar dit het 'n **letterlike betekenis** ("literal meaning"). Jy **kan fisies** aan jou kop raak.

20. C: daglig

4 punte

Verduideliking:

'n **Vergelyking** ("simile") is 'n frase wat iets **beskryf** deur dit met **iets anders te vergelyk** ("compare"). In hierdie geval, word **duidelikheid** ("clarity") met **daglig** ("daylight") vergelyk.

Die woorde, **soos**, **as**, en **net soos** kom in vergelykings voor.



21. stelsin | stelsin.

3 punte

Verduideliking:

'n **Stelsin** ("statement") dra **inligting** ("information") of 'n **mening** oor. Dit eindig met 'n **punt** ("fullstop").

Hierdie spesifieke sin dra **inligting** oor. Die inligting is 'n **feit**.

22. waar

2 punte

Verduideliking:

Gevoelstaal ("emotive language") is taal wat **emosies aantoon** ("indicates emotions") en gebruik word om **sekere gevoelens** ("feelings") en emosies by die **leser te ontlok**.

Dit kan gebruik word om 'n gevoel van **vrees** ("fear") of **dringendheid** ("urgency") by die leser op te wek, byvoorbeeld:

- Ek voel **angstig** ("anxious").
 - Hy was **vreesbevange** ("terrified").
 - Pappa was **teleurgesteld** ("disappointed").
-

23. Hy het gesê dat 'n fonds vir pryse gestig moes word. | Hy het gesê 'n fonds moes vir pryse gestig word. | Hy het gese 'n fonds moes vir pryse gestig word. | Hy het gese n fonds moes vir pryse gestig word. | Hy het gesê n fonds moes vir pryse gestig word. | Hy het gese dat 'n fonds vir pryse gestig moes word. | Hy het gese dat n fonds vir pryse gestig moes word. | Hy het gesê dat n fonds vir pryse gestig moes word.

3 punte

Verduideliking:

Daar is **geen aanhalingstekens** ("quotation marks") of **dubbelpunt** ("colon") in die **indirekte rede** ("indirect speech") nie.

Die **werkwoord**, stig, **skuif** ("moves") na die **end** in die sin en word in die **verlede tyd** ("past tense") geskryf, want die indirekte rede begin met die **werkwoord** ("verb"), **het gesê** - wat in die **verlede tyd** is.

Die **hulpwerkwoord** ("auxiliary word"), **moet**, verander oor dieselfde rede na die **verlede tyd** ("past tense"), **moes**.

- Hy het gesê dat 'n fonds vir pryse **gestig moes** word.



24. wêreldjie | wereldjie | wêreldjie.

3 punte

Verduideliking:

Wanneer 'n woord op 'n "-d" **eindig**, kry dit die **agtervoegsel, -jie**, in die **verkleiningsvorm**, byvoorbeeld:

- Hond, maar 'n klein hond**jie**
- Bord, maar 'n klein bord**jie**
- Bad, maar 'n klein bad**jie**

25. waar

2 punte

Verduideliking:

In Afrikaans word woorde **nie opgebreek** ("not split") in twee dele **net omdat dit te lank lyk nie** ("appear too long"), byvoorbeeld:

- Oliemaatskappy.

'n Woord wat uit **meer as een selfstandige naamwoord** bestaan, word as **een woord** geskryf, byvoorbeeld:

- Nobelprys (Nobel + prys).

Die woord, **vredesverwante**, bestaan uit **twee selfstandige naamwoorde** ("nouns") en word dus **vasgeskryf**.

Dit word gevorm met 'n **basiswoord** (vrede) + **verbindingsklank** (s) + **basiswoord** (verwant) + **agtervoegsel** ("suffix") (-es).

Totaal: 76 Punte

